Bib

84/85

LL

Saak No. 136/1984

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

Insake die appèl van:

SENATOR VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK — Appellant

teen

SOHO JOHANNES SIBEKO — Respondent

CORAM: RABIE, HR, JANSEN, JOUBERT, HOEXTER et VAN HEERDEN, ARR

VERHOORDATUM: 19 AUGUSTUS 1985

LEWERINGSDATUM: 3 SEPTEMBER 1985

---

UITSPRAAK

---

/VAN HEERDEN, AR ...

VAN HEERDEN, AR:

Op 18 November 1978 was die appellant 'n passasier in 'n bakkie wat deur ene Mahlangu in die distrik van Balfour bestuur is. Die bakkie het omgeslaan en die appellant het liggaamlike beserings opgedoen. Later het hy in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling 'n aksie vir skadevergoeding ingestel teen die appellant wat die versekeraar van die voertuig ingevolge die bepalings van Wet 56 van 1972 was. Die partye het ooreengekom dat die respondent skade ten bedrae van R12 000 gely het en uiteindelik was daar slegs twee geskilpunte. Die eerste was of die ongeluk te wyte was aan die nalatigheid van Mahlangu, en die tweede of die respondent binne die raamwerk van art 23 (b), gelees met art 22 (1) (a), van die genoemde Wet in die bakkie vervoer is in die loop van sy diens as werknemer van die eienaar daarvan, of alternatiewelik in die loop van laasgenoemde se besigheid. (Hier dien gemeld te word dat die ongeluk plaasgevind het voor-

/dat ...

dat artikels 22 en 23 deur Wet 23 van 1980 gewysig is. Ek verwys dus na die artikels soos hulle voor die wysiging gelees het.)

Die verhoorhof het ten aansien van altwee geskilpunte ten gunste van die respondent beslis. Derhalwe is die appellant op 30 Maart 1982 gelas om die som van R12 000 en gedingskoste aan die respondent te betaal.

In hierdie Hof het die appellant se advokaat uitdruklik die verweer met betrekking tot die eerste geskilpunt prysgegee. Dit is gevolglik onnodig om enigiets oor die aspek van nalatigheid te sê.

Ten tyde van die ongeluk was die respondent in diens van 'n firma bekend as Grootvlei Garage wat die eienaar van die genoemde bakkie was. (Gerieflikheidshalwe gebruik ek die firmanaam ter aanduiding van die betrokke reghebbende.) Die respondent was 'n werknemer in die werkswinkel wat onder beheer was van 'n voorman, Van der Merwe. Die respondent was egter nie net in die

werkswinkel arbeidsaam nie. By meer as een geleentheid het hy naamlik 'n trekker van Grootvlei Garage na 'n skou bestuur.

Die respondent en sy mede- Swart werknemers het ook in tye van drukte in opdrag van Van der Merwe oortyd gewerk. Daarvoor is hulle addisioneel deur die firma vergoed. In November 1978 is ene Meyer as bestuurder van Grootvlei Garage aangestel. Hy getuig dat hy aan die werktuigkundiges opdrag gegee het dat geen werk oor naweke verrig moes word nie. Dit is nie duidelik of dié opdrag voor die ongeluk gegee is nie. Indien wel, het Meyer nie die Swart werknemers van sy besluit verwittig nie en was die respondent nie daarvan bewus nie.

Op 'n stadium voor 18 November is 'n addisionele werktuigkundige, Odendaal, deur Grootvlei Garage in diens geneem. Volgens Van der Merwe het Odendaal reeds voor die ongeluk by die firma begin werk, terwyl Meyer getuig dat Odendaal eers twee dae later diens aanvaar het. Die

/botsing ...

botsing tussen die twee weergawes is egter nie van enige betekenis nie. Wat belangrik is, is dat Van der Merwe op Vrydag, 17 November, vir die respondent en ander Swart werknemers van Grootvlei Garage aangesê het dat hulle die volgende dag oortyd moes werk. Hulle moes naamlik na Groblersdal gaan om met die vervoer van Odendaal se huisraad na sy nuwe woning behulpsaam te wees.

Die Saterdagoggend het Van der Merwe, Odendaal, die respondent en die ander werknemers toe van Balfour na Groblersdal gereis. Twee van die drie voertuie waarvan hulle gebruik gemaak het, het aan Grootvlei Garage behoort. In Groblersdal het hulle die huisraad op die voertuie gelaai. Dit was gedurende die terugreis dat die bakkie omgeslaan het en die eiser beseer is.

Grootvlei Garage was nie verplig om op enige wyse bystand in verband met die vervoer van Odendaal se huisraad te verskaf nie. Op versoek van Van der Merwe het Meyer nietemin ingestem dat die twee voertuie vir daardie

/doel ...

doel gebruik kon word. Van der Merwe het egter nie teenoor Meyer gemeld dat hy van voorneme was om van die Swart werknemers se arbeid gebruik te maak nie. Hy het derhalwe nie spesifieke magtiging gehad om namens Grootvlei Garage die werknemers opdrag te gee om die Saterdag oortyd te werk nie. Dit kan ook aanvaar word dat in die algemeen Van der Merwe se gesag tot die bedrywighede van die werkswinkel beperk was.

Die verhoorhof het bevind dat die respondent wel in die loop van sy diens as werknemer van Grootvlei Garage in die bakkie vervoer is. Die grondslag van dié bevinding kan soos volg saamgevat word: Van der Merwe het nie <u>vis-à-vis</u> Grootvlei Garage die bevoegdheid gehad om die werknemers die reedsgenoemde opdrag te gee nie. Aan die frase "in die loop van sy diens" in art 23 (b) (iii) van Wet 56 van 1972 moet egter 'n wye vertolking ten gunste van 'n eiser gegee word. So 'n vertolking bring mee dat 'n werknemer wel in die loop van sy diens vervoer word indien hy ter uitvoering van 'n bevel van sy voorman in die voertuig is <u>en</u> hy redelikerwyseglo dat hy verplig is om

/die ...

die bevel te gehoorsaam. In casu is die respondent in die bakkie vervoer omdat hy 'n opdrag van Van der Merwe uitgevoer het. Daardie opdrag was nie opsigtelik van die besigheid van Grootvlei Garage verwyderd nie, en die respondent was dus geregtig om te aanvaar dat Van der Merwe wel bevoeg was om die opdrag aan hom te gee.

Die verhoorhof was klaarblyklik van mening dat omdat Van der Merwe 'n ongemagtigde opdrag gegee het die respondent nie ter nakoming van 'n kontraktuele verpligting gehandel het nie. Hoewel dit nie in soveel woorde uitgespel is nie, was die kern van die hof se bevinding dat die respondent nietemin in die loop van sy diens vervoer is omdat hy redelikerwyse geglo het dat hy sodanige verpligting nakom. Soos hieronder sal blyk, was die respondent na my mening wel kontraktueel verplig om Van der Merwe se opdrag uit te voer. Dit is dus streng gesproke onnodig om die hof se benadering verder in oënskou te neem. Ek vind dit egter moeilik om in te sien hoe, as

'n kwessie van vertolking van art 23 (b) (iii), die redelikheid van 'n verkeerde indruk van 'n werknemer beslissend kan wees by die vraag of hy in die loop van sy diens vervoer is. Indien 'n werknemer-passasier bv ter uitvoering van 'n vermeende skriftelike opdrag van sy werkgewer handel, maar die handtekening vervals is, kan die redelikheid van sy indruk dat die opdrag van sy werkgewer afkomstig is tog nie in sigself tot gevolg hê dat hy in die loop van sy diens vervoer word nie.

Wat ook al die trefwydte van die frase onder bespreking mag wees, is dit duidelik dat 'n werknemer in die loop van sy diens vervoer word indien hy 'n reis meemaak ter uitvoering van 'n kontraktuele verpligting en daar nie afgewyk word nie van instruksies wat op die nakoming van die verpligting van toepassing is. Vgl Leemhuis and Sons v Havenga 1938 TPD 524, en Ngubetole v Administrator, Cape and Another 1975 (3) SA 1 (A). In die onderhawige geval is daar geen sprake van sodanige afwyking nie, en indien die respondent ter nakoming van

/sy ...

sy dienskontrak opgetree het, is hy dus wel in die loop van sy diens as werknemer van die eienaar van die bakkie (Grootvlei Garage) vervoer.

Indien 'n werknemer ingevolge 'n dienskontrak opdragte van 'n tussenpersoon soos 'n voorman moet uitvoer, is sy verpligtinge nie noodwendig afhanklik van die tussenpersoon se magtiging om bepaalde opdragte te gee nie. Gestel 'n kontrak bepaal dat wanneer hy daartoe aangesê word deur 'n voorman die werknemer handelinge A, B, C of D moet verrig. In so 'n geval is die werknemer klaarblyklik teenoor sy werkgewer verplig om elke sodanige opdrag uit te voer. 'n Instruksie van die werkgewer, waarvan die werknemer onbewus is en waarvolgens die voorman slegs opdragte met betrekking tot A, B of C mag gee, wysig nie die werknemer se verpligtinge (en sy ooreenstemmende regte) nie. Daarom kom die werknemer wel 'n kontraktuele verpligting na indien hy in opdrag van die voorman handeling D verrig. Die feit dat Van der Merwe nie gemagtig

/was ...

was om die meermaal genoemde opdrag te gee nie, bring dus nie sonder meer mee dat uitvoering daarvan nie nakoming van 'n diensverpligting deur die respondent gekonstitueer het nie.

In die lig van die getuienis kan aanvaar word dat die respondent nooit meegedeel is presies wat sy pligte as werknemer van Grootvlei Garage behels het nie. Van der Merwe getuig dat hy en die Swart werknemers voorheen by "Ford" gewerk het en dat hulle toe saam by Grootvlei Garage in diens getree het. Daarna, sê hy, het hy "maar altyd vir hulle opdragte gegee en hulle het maar net gedoen wat ek sê." Grootvlei Garage het dus nie die respondent se pligte uitgestippel nie maar dit aan Van der Merwe oorgelaat om dié op 'n _ad hoc_ basis te bepaal. Gevolglik het laasgenoemde se opdragte inhoud aan die respondent se onomskrewe kontraktuele verpligtinge gegee.

Soos die appellant se advokaat egter tereg betoog

/het ...

het, was die respondent nie vanweë sy dienskontrak verplig om enige opdrag van Van der Merwe, wat ook al die aard daarvan, na te kom nie. Die respondent moes immers aan Grootvlei Garage, en nie aan Van der Merwe of enige ander persoon nie, diens lewer. Gevolglik was dit inbegrepe dat hy uitvoering moes gee slegs aan opdragte wat met die bedrywighede van Grootvlei Garage verband hou. Indien hy dus in opdrag van Van der Merwe dié se huis sou verf, sou die respondent nie in nakoming van 'n kontraktuele verpligting voortspruitende uit sy dienskontrak handel nie.

Soos reeds genoem, is die respondent deur Van der Merwe aangesê om die Saterdag oortyd te werk en behulpsaam te wees met die vervoer van die nuwe werktuigkundige se meubels. Indien Meyer reeds voor die ongeluk vir die werktuigkundiges gesê het dat geen oortyd oor naweke gewerk moes word nie, was die respondent nie daarvan bewus nie. Die doel waarvoor oortyd gewerk moes

/word ...

word, het na my mening wel in verband met die bedrywighede van Grootvlei Garage, en meer bepaald die werkswinkel daarvan, gestaan. Odendaal is deur Grootvlei Garage in diens geneem en ten einde sy werksaamhede as werktuigkundige te verrig, moes hy hom in Balfour of die omgewing daarvan vestig en moes sy huisraad na sy nuwe woning vervoer word. Dit sou dan ook geensins vreemd gewees het nie indien Grootvlei Garage onderneem het om die koste van die trek te betaal of om op 'n ander wyse by die vervoer van die huisraad betrokke te wees. Inderdaad is geen sodanige onderneming aan Odendaal gegee nie, maar dit bring nie mee dat daar nie 'n duidelike verband tussen die vervoer en die bedrywighede van Grootvlei Garage bestaan het nie. Anders gestel, het Van der Merwe se opdrag nie los van bedoelde bedrywighede gestaan nie.

Ek bevind derhalwe dat die respondent wel ter uitvoering van 'n kontraktuele verpligting gehandel het en

/daarom ...

daarom in die loop van sy diens vervoer is. Gevolglik is dit onnodig om na te gaan of die respondent ook in die loop van Grootvlei Garage se besigheid vervoer is.

Die appèl word met koste afgewys.

H.J.O. VAN HEERDEN, AR

RABIE, HR

JANSEN, AR

JOUBERT, AR

HOEXTER, AR

STEM SAAM